## 27 Februarie 2 Petrus 2:4-6

### *Lewende beelde (1) - Noag*

In sy Woord gebruik God dikwels beelde om die dinge wat moeilik is om te verstaan vir ons duidelik te maak. Maar soms laat God die geskiedenis self as beeld optree om dinge wat nog moet gebeur mee aan te kondig. Die bekendste hiervan is sekerlik Jona se drie dae in die vis.

In die geskiedenis van Noag is daar verskeie sulke lewende beelde. Petrus praat oor God se oordeel en sê dat net Noag en sewe ander gered is. Waarom? Wel, ons lees in Genesis 6 dat Noag 'n regverdige man was. Ter wille van hom word ook sy huisgesin gered - die sewe ander.

Hiermee wys God reeds profeties na die verlossing in Jesus Christus. Hy is immers die enigste ware Regverdige. En ter wille van Hom red God ook die volle getal van die uitverkorenes. En dui die getal sewe nie hierdie volle getal pragtig aan nie? Dink maar aan die boek Openbaring waar sewe as getal van volheid so dikwels gebruik word. Die sewe gemeentes is hier beeld van die volle kerk van Christus; die sewe bakke beeld van die volle toorn van God, ensovoorts. So is Noag en die sewe ander (sy huisgesin) ook beeld van Christus en die volle getal uitverkorenes, die huisgesin van God.

Sing: Psalm 93:2, 3 Ds. J.A. du Preez (Empangeni)